# Skriflesing

## Efesiërs 1: 3-14

- 1983 Vertaling

GROEI IN VERHOUDING



# Lof aan God vir Sy genade

3 Aan God, die Vader van ons Here Jesus
Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in
Christus geseën met al die seëninge van
die Gees wat daar in die hemel is.

GROEI IN VERHOUDING



4 So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is,
ons in Christus uitverkies om heilig en onbe-
rispelik voor Hom te wees. 5 In Sy liefde het Hy
ons, volgens Sy genadige beskikking, toe ook
al daarvoor bestem om deur Jesus Christus
Sy kinders te wees.

GROEI IN VERHOUDING



6 Daarom moet ons God prys vir Sy wonder-
like genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan
ons geskenk het. 7 Deur die bloed van Sy Seun
is ons verlos en is ons oortredinge vergewe
kragtens die ryke genade van God,

8 wat Hy in al Sy wysheid en insig so oor-
vloedig aan ons geskenk het. 9 Hy het
kragtens Sy besluit en voorneme die
geheimenis van Sy wil aan ons bekend
gemaak,

10 en dit deur Christus tot uitvoering gebring
op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy
bedoeling was om alles wat in die hemel en
alles wat op die aarde is, onder een hoof te
verenig, naamlik onder Christus.

GROEI IN VERHOUDING



11 Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens Sy raadsbesluit.

GROEI IN VERHOUDING

12 Daarom moet ons, die eerstes wat ons
hoop op Christus gestel het, die grootheid
van God prys. 13 Deur Christus het ook julle
deel geword van die volk van God toe julle

die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël.

14Die Heilige Gees is die waarborg dat
ons ook verder sal ontvang wat God
belowe het, wanneer Hy almal wat aan
Hom behoort, volkome sal verlos.
Daarom moet ons Sy grootheid prys.

GROEI IN VERHOUDING

# “Hy”

GROEI IN VERHOUDING

# Vader, Seun en Heilige Gees

1:3 Jy is met al die seëninge van die Gees geseën

GROEI IN VERHOUDING

1:4 Jy is heilig en onberispelik voor God

GROEI IN VERHOUDING

# 1:5 Jy is n kind van God

GROEI IN VERHOUDING

1:7 Jou oortredinge is vergewe

GROEI IN VERHOUDING

# 1:10-11 Jy is deel van die volk van God

1:13 Jy is deur die Heilige Gees as eiendom van God beseël

